PROVINCE OF THE WESTERN CAPE

# PROVINCIAL DEVELOPMENT COUNCIL ACT REPEAL ACT, 2011

PROVINSIE WES-KAAP

# WET OP DIE HERROEPING VAN DIE WET OP DIE PROVINSIALE ONTWIKKELINGSRAAD, 2011

**No 5, 2011**

# ACT

**To repeal the Provincial Development Council Act, 1996; and to provide for matters incidental thereto.**

BE IT ENACTED by the Provincial Parliament of the Western Cape, as follows:—

**Definitions**

**1.** In this Act, unless the context indicates otherwise—

**‘‘Provincial Development Council’’** means the Provincial Development Council established by section 2(1) of the Provincial Development Council Act; and

**‘‘Provincial Development Council Act’’** means the Provincial Development Council Act, 1996 (Act 5 of 1996).

**Disestablishment of Provincial Development Council**

**2.** The Provincial Development Council is disestablished.

**Repeal of Provincial Development Council Act**

**3.** The Provincial Development Council Act and the Provincial Development Council Law Amendment Act, 2004 (Act 4 of 2004), are repealed.

**Transitional provisions**

**4.** For the purposes of disestablishment of the Provincial Development Council—

*(a)* all movable assets and monies held by the Provincial Development Council as at its disestablishment are deemed to be held by the Department of the Premier; and

*(b)* all outstanding liabilities of the Provincial Development Council as at date of disestablishment must, subject to the Public Finance Management Act, 1999 (Act 1 of 1999), be settled by the Department of the Premier.

**Short title**

**5.** This Act is called the Provincial Development Council Act Repeal Act, 2011.

# WET

**Om die Wet op die Provinsiale Ontwikkelingsraad, 1996, te herroep; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.**

DAAR WORD BEPAAL deur die Provinsiale Parlement van die Wes-Kaap, soos volg:—

**Omskrywings**

**1.** In hierdie Wet, tensy dit uit die samehang anders blyk, beteken—

**"Provinsiale Ontwikkelingsraad"** die Provinsiale Ontwikkelingsraad ingestel by artikel 2(1) van die Wet op die Provinsiale Ontwikkelingsraad; en

**"Wet op die Provinsiale Ontwikkelingsraad"** die Wet op die Provinsiale Ontwikkelingsraad, 1996 (Wet 5 van 1996).

**Ontbinding van Provinsiale Ontwikkelingsraad**

**2.** Die Provinsiale Ontwikkelingsraad word ontbind.

**Herroeping van Wet op die Provinsiale Ontwikkelingsraad**

**3.** Die Wet op die Provinsiale Ontwikkelingsraad en die Wysigingswet op die Wet op die Provinsiale Ontwikkelingsraad, 2004 (Wet 4 van 2004), word herroep.

**Oorgangsbepalings**

**4.** Met die oog op die ontbinding van die Provinsiale Ontwikkelingsraad—

*(a)* word alle roerende bates en gelde wat die Provinsiale Ontwikkelingsraad ten tye van ontbinding besit, geag in besit van die Departement van die Premier te wees; en

*(b)* moet alle uitstaande skulde van die Provinsiale Ontwikkelingsraad op datum van ontbinding, behoudens die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet 1 van 1999), deur die Departement van die Premier vereffen word.

**Kort titel**

**5.** Hierdie Wet heet die Wet op die Herroeping van die Wet op die Provinsiale Ontwikkelingsraad, 2011.